

UITGAWE **13**, OKTOBER 2022

# Fontiepos

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

**MEDE-FONTIE**

September en Oktober is verby en ons gee nog ŉ tree nader aan die einde van die jaar. Die einde van die jaar stap al hoe nader en wag in spanning vir die eindfluitjie om te blaas, terwyl ons op ons merke staan en wag.

Waar ons nou die laaste deel van hierdie wedloop aanpak, is wilskrag uiteindelik net so belangrik soos spierkrag. Om in moeilike omstandighede vas te byt en deur te druk verg baie van ŉ mens – fisies én psigies, maar as jy doelgerig, ywerig en met ŉ positiewe gesindheid na die einde van hierdie wedloop streef, is daar geen twyfel dat jy die uitdagings wat jy in die gesig staar, te bowe sal kom nie.

Gebruik jou Desembervakansie as ŉ motivering vir ontspanning, want ons almal weet wel dat "herre nie vir sterre" is nie en dat jou eerste jaar nie die lekkerste twee jaar van jou universiteitsjare is nie.

Sterkte met die laaste stuk van die jaar, druk deur, kyk mooi na jouself, maak jouself onmisbaar en ek sien jou by die wenpaal. Geniet hierdie laaste uitgawe en voorspoed vir die vakansie en die nuwe jaar wat om die draai is.



*Redakteurgroete*
**ELISMA VAN DER WATT**




## LEKKERLEESARTIKELS




Drie van Akademia se tweedejaarstudente skitter by ŉ digkunsgeleentheid.

Lees hier vir meer.



Reinhardt Ludwig is ŉ eerstejaar-BCom (Ondernemingsbestuur)-student op Akademia se nauurse afstandsmodel. Hy is ook ŉ raakvat rugbyspeler wat vir die Blou Bul Rugbyunie uitdraf.

Lees hier.



Lees hier oor Akademia se 10-jaarfunksie waar die universiteitslied vir die eerste keer opgevoer is.

AKADEMIA *et al.*

KORTKURSUSSE GERIG OP INSIG EN PRAKTYK

## VOORDELE VIR #FONTIES

Is jy ŉ Akademia-student wat belangstel in een van die eerste tien Akademia et al.-kursusse? Daar is ŉ 20% afslag vir Akademia-studente op al die modules vir die Akademia et al.-kursusse. Gebruik die kode *AkaStud* om jou afslag te gebruik.

**LEES MEER HIER.**



## FONTIEFLATER

Die opedag is ŉ hoogtepunt in Fontie se dagboek. Fontie hou mos van mense en om hulle dop te hou. Dit was ook nie anders met die opedag in September nie. Fontie het daardie Saterdag sommer vroeg-vroeg al stelling ingeneem. Die studente het ywerig gehelp opslaan, maar Fontie vermoed hulle het dalk ook te ywerig weer gehelp afslaan. Dit het dalk iets met die inhoud van ŉ krat en ŉ geselligheid by koshuis@Leriba te doen gehad.

Die personeel het die voorbeeld gestel en gewys wat dit is om ekstra ure vir hulle studente en kollegas in te sit. Hulle het daarom ná die opedag dus eers op die dek buite bymekaargekom om nabetragting te hou. Dit het die vorm van ŉ simposium aangeneem en Fontie kan beaam dat daar ŉ paar wyse besluite die middag geneem is. Een van die besluite was om die Fontie-rugbyspanne se ligawedstryde te ondersteun. ŉ Gesonde liggaam huisves immers ŉ gesonde gees. Fontie het wel ná die wedstryde ŉ oogafspraak vir die ref gemaak. Kon hy nie sien die Fonties se harte is op die regte plek nie?

Mag al die Fonties wyse besluite neem in die vakansie. As jy nie jou eksamen-drieë mooi kon druk nie, moet jy wys gebruik maak van die beseringstyd.

## SO SÊ ŉ NAUURSE AFSTANDSTUDENT

> "Om ŉ onderwyser te word, het nie net vir my daaroor gegaan om aan leerders feite oor te dra nie, maar om daardie oomblik vas te vang wanneer hulle ŉ konsep snap."

**CARMEN MATTHEE**
NGOS-student by Akademia

**STUUR ENIGE VOORSTELLE VIR NAUURSE AKSIES HIER**

## TOPGEBEURE VIR DIE MAAND








**HK-BEKENDSTELLING**

Akademia se huiskomitees (HK's) vir die 2022/2023-termyn is tydens ŉ koshuisdinee op 17 September aangekondig. Die nuwe HK's staan gereed om die koshuislewe vir Akademia-studente se drie koshuise – Huis Valorem (gemeng), Huis Hennops (mans) en Huis Strelitzia (dames) – vir alle koshuis-Fonties opwindend en verwelkomend te maak.
**LEES HIER.**



**MYRTLE ENDLEY, SR-VOORSITTER, PRAAT OOR LEIERSKAP**

Myrtle Endley, tweedejaarkampus-student, is verkies as die nuwe voorsitter vir die studenteraad vir die termyn 2022/2023. Sy deel graag met ons haar opinie oor leierskap en die belangrikheid van ŉ studenteraad.
**LEES MEER HIER.**




**VYF VINNIGE FEITE OOR AKADEMIA-PERSONEEL**

Leani Smith, nuusredakteur, het gaan inloer by ons Akademia-personeel. Hier is vyf vinnige feite oor twee van ons personeellede.
**LEES HIER VIR MEER.**





**DIE KAT-KLUB KOM WEER!**

Die Katanoó-klub, ook die 'kat-klub', het sy derde suksesvolle uitstappie in Augustus gehad. Die Kat-klub het vanjaar afgeskop met ŉ besoek aan die Voortrekkermonument, waar die Fonties geleer het oor die Afrikaner se reis na onafhanklikheid. Die Katanoó-klub kondig nou ook sy eie adjunkvoorsitter aan, naamlik Anouska Fouché! Die Kat-klubkomitee is aan die beplan vir hul vierde uittog na die Johannesburg-kunsgalery – wat glo die grootste kunsgalery in Suid-Afrika is en een van die grootstes in Afrika.
**LEES DIE VOLLEDIGE STORIE HIER.**



**STUDENTE GENIET EERSTE GESAMENTLIKE KOSHUISDINEE**

Op 17 September het die koshuise ŉ eerste gesamentlike koshuisdinee gehou waar al drie koshuise (Huis Valorem, Huis Strelitzia en Huis Hennops) teenwoordig was. Met die swart, wit en goue vere, aandrokke en manne in pakke het hierdie geleentheid by koshuis@Leriba nuwe betekenis aan die Great Gatsby-tema gegee.
**LEES MEER HIER.**



**OORKOM JOU UITSTELGEWOONTES IN DIE 2023-EKSAMENTYD**

Hier is 'n paar wenke vir jou toekomstige eksamen. Uitstel lei tot hoër angs- en stresvlakke asook ŉ toename in skuldgevoelens en frustrasie. Deidré Fischer, gemeenskapsredakteur, het gaan navorsing doen oor maniere om die uitstelgewoonte die hoof te bied.
**LEES HIER VIR MEER.**



## Toptienmusieklys van ons Fonties

GENIET HIERDIE SPEELLYS, WANT DIS ALLES WAT NUUT, WARM, LEKKER EN AFRIKAANS IS

**KLIK HIER**

**TOEKENNINGS BY DIE 2022-DIREKTEURSDINEE**

| | |
|---|---|
| Nauurse Fontie van die jaar | Carissa Smith |
| Voltydse Fontie van die jaar | Veniece Janse van Rensburg |
| Pliggie van die jaar | Catherine-May Trollip |
| Opsommer van die jaar | Catherine-May Trollip |
| Beste dosent van die jaar | Mnr. Stephen Nel |
| Kultuur-Fontie | Zianci van Zyl |
| Sport-Fontie | Vian can Schalkwyk |
| Ondersteuner van die jaar | Veniece Janse van Rensburg |
| Spys-muis (Spys-)ondersteuner | Cara Durie |
| A-gemeenskap-Fontie | Christine Latimer |

*Hou die Spens dop vir die foto's*




## DIE PIONIER-KOFFIE

*Koop jou dompelpotkoffie hier*

Lees gerus hier oor die unieke koffieversnit. Julle het gekies, ons het geluister.

## In die kollig: Prof. Hannes Rautenbach

Akademia is geseënd om verskeie gehalte akademici as bate te hê. Akademia, as hoëronderwysinstelling, streef om topopvoeding op die tersiêre vlak aan te bied om sodoende die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel te verbeter. Die beste plek om te begin om ŉ samelewing van hoë klas op te bou is om te begin by die onderrig en opvoeding van die samelewing. Rautenbach is een van die menigte aanwinste vir Akademia se geleerdes en onderrigspesialiste. **LEES DIE VOLLEDIGE STORIE HIER.**



## Die redaksiespan wens elke Fontie ŉ geseënde Kersfeestyd en ŉ voorspoedige nuwejaar.